**REFORMASIE**
*(Gereformeerde Teologiese Studie)*

# Kategismusprediking

## 1. Inleiding.

Ek is gevra om te skryf oor Kategismusprediking. Aan die een kant is dit 'n maklike taak, omdat daar so baie aspekte van die onderwerp is wat voor die hand liggend is. Ons het immers as predikante in die Gereformeerde Kerk almal naasteby 52 maal in 'n jaar te doen met Kategismusprediking, en uit eie ervaring sowel as uit ons kennis van die Homiletiek is dit seker nie vir my moeilik om so 'n artikel te skryf nie. Aan die ander kant is dit tog ook weer 'n ontsaglik moeilike taak. Rede hiervoor is eintlik dieselfde — vele van die lesers weet self soveel van die onderwerp dat dit moeilik sal gaan om dit vir hulle aantreklik en smaakvol te behandel. Maar verder is dit ook moeilik omdat daar tog in ons Kerk 'n ingrypende verskil van opinie bestaan ten aansien van die metode van Kategismusprediking. Hierdie verskil van opinie vind ons nie maar net by lidmate nie, maar ook en veral by predikante en selfs by professore aan ons Teologiese Skool.

Ons bedoeling met hierdie inleiding is nou egter nie om 'n knuppel in die hoenderhok te gooi nie, ook nie om enige persoon in ons Kerk te na te kom nie, maar alleen om die gedagtes te stimuleer tot positiewe onderskeidende denke oor die onderhawige onderwerp.

Ons kan die Here natuurlik nooit genoeg dank vir Sy goddelike beskikking dat die Kategismusprediking in Suid-Afrika in die Gereformeerde Kerke onverswak gehandhaaf word nie. Goddank, ons hoef nie vandag in ons Kerk in Suid-Afrika die vraag na die reg van Kategismusprediking aan die orde te stel nie. U kan maar ons Sinodale Handelinge deurblaai maar u sal nêrens vind dat daar ooit oorweeg is om af te sien van die toepassing van art. 68 van die K.O. nie. Dit geld nog by ons onverswak.

Die Kategismus word gereeld gepreek — dit is die antwoord op 'n sekere vraag na aanleiding van art. 41 van die K.O. En ons glo dit word gedoen nie maar uit gehoorsaamheid aan die K.O. en uit respek vir die kerklike tradisie nie, maar uit behoefte en omdat die waarde van Kategismusprediking nog ten volle besef word.

Anders is dit gesteld in ander kerke in ons land. Die N.G. Kerk opereer nog op die besluit wat geneem is op die Sinode van die Kaapse Kerk in 1842, nl. dat „minstens twaalf keer per jaar" uit die Kategismus gepreek moet word. Uit die ringsverslae blyk dit egter dat selfs aan hierdie vereiste minimum nie altyd voldoen word nie. Die funeste gevolge van hierdie besluit spreek duidelik uit die openhartige verklaring van dr. H. D. A. du Toit:

> „Daardeur is ons Ned. Geref. Kerk heelwat armer geword. Daardeur is ons lidmate beroof van kennis van die Skrif en van die leer van hul

kerk en het talle ten prooi geval van gewetenlose sektes"[1].

In die Ned. Herv. Kerk van Afrika is dit, volgens informasie wat ek ingewin het, ook verpligtend om minstens twaalf keer per jaar uit die Kategismus te preek en wel in volgorde van Sondagsafdelings.

Ons kan dus besonder dankbaar wees dat die situasie in ons Kerk so gunstig is. Die waarde daarvan vir die geestelike lewe van ons lidmate en vir die Kerk in die algemeen kan ons nooit oorskat nie.

Nietemin moet ons nie die oë daarvoor sluit dat daar tog in ons Kerk nie soveel belangstelling en liefde vir die Kategismusprediking is as wat ons graag sou wou sien nie. Die tweede diens word in die reël swakker bygewoon en dan is in die reël die Kategismus onder behandeling. Hou die twee dinge nie tog maar verband nieteenstaande die versekering van die teenoorgestelde by visitasie nie?

Almal sal ook met my saamstem dat daar baie gemeentelede is wat geen geheim daarvan maak nie dat hulle antipatiek en afkeurend staan teenoor die Kategismusprediking.

Hierdie feit noop ons om die vraag waarom dit die geval is onder oë te sien. As die lidmaat hom minder aangetrokke voel tot die Kategismuspreek as tot die preek oor vrye stof, moet daar 'n rede voor wees. In die loop van ons betoog sal ons daarop probeer antwoord.

---

1. Dr. H. D. A. du Toit; artikel in **Gereformeerde Vaandel, Junie 1950.**

2. **Vereistes vir prediking.**

Alvorens ons kan vasstel aan watter vereistes die Kategismusprediking moet voldoen, moet ons eers kortliks let op die eise wat die Homiletiek stel aan enige preek.

a. Die ingrypende betekenis van wat ons prediking noem kom baie duidelik uit die woord wat Paulus meermale daarvoor gebruik. Hy gebruik die woord kerussein. Dit is die werkwoord. Die selfstandige naamwood in die Grieks, wat alreeds internasionale erkenning verkry het, is kerugma. Die volle draagwydte en diepere betekenis van die woord kerugma kom eintlik nie uit in die Afrikaanse woord „verkondiging" soos dit gewoonlik vertaal word, en ook nie in ons woord „prediking" nie. Want kerugma beteken nie maar 'n leerstellige of vermanende of bemoedigende voordrag in keurige taal en met helderklinkende stem nie, maar kerugma is die uitroep of die aankondiging van 'n gebeurtenis. Dit beteken eintlik om te proklameer. Dit is die optrede van die herout wat die boodskap van sy koning met helder stem uitbasuin. En die boodskap het 'n appellatiewe karakter.

En daarom is hierdie daad, hierdie werk in die Nieuw Testamentiese Kerk van so 'n beslissende betekenis. Deur die verkondiging word die mag en die Raad van God voltrek in hierdie wêreld. Deur die verkondiging kom die Koninkryk van God. Geen wonder dat 'n man soos Paulus die saak so geweldig ernstig opgeneem het nie. In sy beroepsbrief soos ons dit vind in Hand. 9:15 staan daar: „Hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor

nasies en konings en die kinders van Israel".

En dit is die kerugma in der waarheid: „om Gods Naam te dra". Die eer van God is op die spel. Gevra moet word na die wil van God en die bedoeling van die Heilige Gees.

b. Daarom kan die prediking niks anders en nooit iets anders wees as verklaring (expositio) en toepassing (applicatio) van die Woord van God nie, soos ons dit alleenlik vind in die Heilige Skrif. Dit is die wese van die prediking.

Sonder verklaring en toepassing van die Woord van God vind daar geen bediening van die Woord, geen verkondiging, geen kerugmatiese handeling plaas nie.

Hoe gewigtig hierdie handeling is blyk uit die volgende paar tekste:

In 2 Kor. 5:20 sê Paulus: „Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan"

Hier geld die woord van Jesus Christus in Luk. 10:16: „Wie na julle luister, luister na My".

In 1 Thes. 2:13 bevestig Paulus die waarheid: „Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo".

c. 'n Mens voel dus baie duidelik aan dat die gesag waarmee die prediker optree nie uit homself kom nie maar uit Hom wat hom stuur nl. God self. Die prediking word beklee met goddelike gesag. Dit het 'n amptelike karakter.

d. Wat die inhoud betref moet die prediking dan ook aan twee vereistes voldoen, nl. dit moet teologies en christosentries wees[2]). „Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3).

Dit gaan in die preek om kennis van God, kennis van Sy Openbaringswoord, kennis van Sy wil en Sy genade. Maar verder, as daar in 'n preek geen heenwysing is na die Christus, as sentrum van die openbaring van God, dan is dit geen bediening van die Woord nie. Hoekstra stel dit reguit. „Een preek zonder Christus is geen preek"[3]).

e. Die doel van die prediking is in die eerste plek om die eer en Naam van God te verheerlik, maar t.o.v. die gemeente is die doel om dit te stig en op te bou in die allerheiligste geloof. daarin moet dit verstand en gevoel en wil aanraak. Dit moet dien tot lering, tot bekering van die hart en tot daadwerklike betering van die lewe.

f. Dit wil natuurlik nie sê dat die prediking nie aktueel moet wees nie. Die prediker moet wel deeglik op hoogte wees van die besondere nood van sy tyd. Net soos hy die oor moet lê op die Bybel om dit te verstaan so moet hy ook die oor lê op die hart van sy tyd. Die lug moet hy proe, die strominge aanvoel en takseer.

En tog, per slot van rekening, word die aktualiteit van die prediking nie

---

2) Vgl T. Hoekstra, **Gereformeerde Homiletiek**, Wageningen; p. 164 vv.

3) Hoekstra: a.w., p. 172.

bepaal deur die ontleding en beoordeling van die tydsgees nie maar deur die altyd aktuele inhoud van elke suiwere verkondiging, nl. Christus wat gekruisig is en opgestaan het. Die kerugma van die Christus, die proklamasie van die Gekruisigde, die verkondiging van die blye boodskap is altyd aktueel.

Laat ons hieraan vashou dat die Woord van onse God 'n onveranderlike ewige aktualiteit besit. Dit is net soos die son, altyd dieselfde, maar altyd aktueel omdat dit altyd lig bied en krag en warmte waaraan 'n in homself donker en koue wêreld behoefte het.

Petrus sê dit onomwonde: „Die Woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is" (1 Petrus 1:25).

3. **Eise vir Kategismusprediking.**

Indien dit ons erns is dat die sg. Kategismusprediking in ons Kerk werklik prediking moet wees en bly, dan moet dit beantwoord aan al die vereistes wat ons so pas gestel het t.o.v. die prediking in die algemeen. Die betekenis en die wese, die karakter en die inhoud, die doel en die aktualiteit moet alles dieselfde wees. En dit is wat ek tans wil probeer bewys.

a. **Wese van Kategismusprediking.**

Prof. Dyk sê in sy kostelike werk **De dienst der prediking:**

> „De eerste en voornaamste eis voor de predikng over de Catechismus is, dat zij voor alles **preek** moet blijven, geen catechisatie mag worden maar **dienst des Woords** moet **zijn"**[4]).

[4]) K. Dyk: **De dienst der prediking;** Kok, Kampen, 1955; p. 410.

Die kerugmatiese karakter, die proklamerende, die herout-karakter mag in hierdie prediking nie op die agtergrond staan nie. Dit is verkondiging van die volle Raad en wil van God soos Hy dit in Sy woord geopenbaar het.

Die woord kategismus kom van die woord kategein wat eintlik in die Grieks beteken „van bo af tegemoet klink" of „teëklink". Dit word eintlik deur Paulus uitsluitlik gebruik in die betekenis van „onderrig gee aangaande die inhoud van die geloof"). Kategein is vir hom die tegniese term vir geloofsonderrig. En daarby mag alleen die Woord van God gebruik word. Die boek wat ons die Kategismus noem wil ook alleenlik die Woord van God deurgee. Dit wil die Woord van God laat hoor en die waarheid van die Woord. En sodra mens dit ooit gaan losmaak van die Woord dan is dit geen ware Kategismus meer nie. Bastingius het in sy verklaring van die Kategismus gewys op die Roomse Kategismus en die Gereformeerde. Eersgenoemde, sê hy, se bedoeling is om menslike insettinge en superstisies op te hemel sodat dit die mense beter as die Heilige Skrif kan behaag. Maar daarteenoor dien ons Kategismus om die mens te lei tot die fontein waaruit dit ontspring het, tot die heiligdom self, dit is tot die Heilige Skrif.

Ook Kuyper het in 1888 dieselfde saak in die **Herout** beklemtoon. Hy gebruik taal wat ons net so kan laat spreek tot ons tyd t.o.v. hierdie saak:

> „Wil men dan ook in onze dagen terugkeeren tot zuivere lijnen, dan

[5]) G. Kittel: **Theol. Wurterbuch zum N.T., III;** Stuttgart; p. 639.

moet de Heilige Schrift zijn en blijven de bron waaruit én de vaderen én wij putten; mogen de formulieren niets zijn dan een declaratie van de Kerk, wat zij uit de bron heeft geput; en moet bij den catechismus de eigenlijke kracht gezocht, niet in wat de catechismus beweert, maar enkel in hetgeen hij, steunende op zijn breede **Schriftautoriteit, uitspreekt"**[6]).

Dit moet vir ons dus voor op staan. Dan sien ons die Kategismusprediking ook in sy regte betekenis en waarde. Dit is geen stigtelike rede of toespraak of uiteensetting van een of ander geloofswaarheid nie, maar dit is amptelike bediening van die Woord.

Hierdie opvatting sny alle geringskatting van die Kategismusprediking, asof dit van 'n laer orde as vrye-teks-prediking is, radikaal af. Die Remonstrante aan die begin van die 17de eeu het die beswaar geopper dat die Kategismus mensewerk is en dat daaraan deur middel van die prediking gelyke gesag toegeken word en ewe veel eerbied betoon word as aan die Woord van God. Ons stem toe, en die Gereformeerde vaders het ook toegestem, dat die Kategismus as sodanig mensewerk is maar ons moet, net soos die vaders, ook volhou dat die prediking ten volle prediking van die Woord van God moet wees.

Op die vraag of ook uit die Kategismus gepreek moet word antwoord Hoornbeek: „non ex catechismo, sed ex scriptura"[7]).

Vanselfsprekend hoort dus ook by die Kategismuspreek verklaring en toepassing van die Woord van God.[8]) Die vraag en antwoord van die Kategismus is daarom nie die teks wat ons eksegetiseer, punt vir punt, woord vir woord, om dan dit toe te pas op die gemeente nie. Maar die Woord van God soos wat dit in die antwoord van die Kategismus in 'n verskeidenheid van tekste of in een enkele teks vervat is, dit word oopgemaak en verklaar en dan toegepas.

Wie hieraan vashou sal nie verval, soos so baie maal gebeur, in dogmatiese redenasies en abstrakte skolastiese sluitredes nie. Wie die Woord van God wetenskaplik gaan eksegetiseer en die Kategismus teologies gaan deurdink het goeie voorbereiding gehad om sy preek te maak, maar in die preek bring hy dan die Skrifwaarhede op eenvoudige en duidelike wyse. 'n Preek is nie bedoel om mens se hoë geleerdheid te laat skitter nie. Dr. A. van Veldhuizen sê in sy boek **Hoe te preken in deze tijd:**

> „Al dat uitkramen van geleerdheid is geen preeken, doch pronken"[9]).

en prof. Haitjema verklaar:

> „Strikt dogmatische verhandelingen over den Catechismus zijn mislukte predikatiën over het troostboek, dat zoo door en door practisch is"[10]).

6) Aangehaal uit: R. Schippers e.a.: **Van de dienst des Woords**; Goes, 1944; p. 173.

7) Aangehaal uit Hoekstra: a.w., p. 228.

8) Hoekstra: a.w. p. 228; vgl. ook Th. L. Haitjema: **De prediking als Catechismus-prediking**; in **Handboek voor de prediking**; Amsterdam 1948; p. 296.

9) Dr. A. van Veldhuizen: **Hoe te preeken in dezen tijd**; Wagingen; p. 70.

10) Haitjema: a.w., p.305.

b. **Die inhoud van Kategismusprediking.**

Ook wat die inhoud betref mag daar geen onderskeid wees met prediking oor vrye stof nie. Kategismusprediking moet teologies en christosentries wees. Die Kategismus self is trouens ook so ingeklee. Die metodologiese opset van die Kategismus, uitgaande van die gedagte van die enige troos vir die mens, mag wel soteriologies wees, die inhoud is teologies. Die heil gaan van God uit en alles moet dien tot Sy verheerliking. So moet dit ook in die prediking wees. Maar verder moet van hierdie prediking Christus ook die sentrum vorm. Die Kategismusprediking wat by die behandeling van die leerstuk van ellende die naam van Christus nie noem nie, is mis. En net so is die prediking wat by die behandeling van die tien gebooie nie heenwys na Golgotha nie, tevergeefs en boonop 'n oppervlakkige moralistiese gesanik. Nee, Christus Jesus, die Gekruisigde, was nie alleen die geestelike krag en fris inhoud van die apostoliese kerugma nie, maar is ook die onontbeerlike kern van ons Kategismusprediking. Want wie die Naam van Christus, die Gekruisigde proklameer oor 'n verloregaande wêreld, verkondig mens, die genade van God en die bekering van die sondaar; ellende, verlossing en dankbaarheid dus.

c. **Die doel van Kategismusprediking.**

Soos by alle prediking is die doel ook hier die eer van God en die opbouing van die gemeente. Miskien tree die eerste doel in die praktyk hier nog sterker na vore want die Kategismus is tog ook 'n belydenisstuk. Deur die Kategismusprediking is dit as 't ware die hele gemeente wat belydend die Naam van die Here laat weerklink en die vaandel van Sy eer omhoog hef. Maar ook is die Kategismusprediking uitnemend geskik om die gelowiges op te bou deur aan hul voor te hou uit die Woord die hele ryke verskeidenheid van spyse soos gesistematiseer in die Kategismus. Die samehang van die heilsgedagtes wat in die Skrif geopenbaar is, word voor die gemeente ontvou. Daarby is dit ook vir die prediker self 'n groot voordeel om nie maar net sy geliefkoosde stof te preek nie maar die volle lengte en breedte, en diepte en hoogte van die heil in Christus te behandel. Hy moet al die aspekte van die waarheid bestudeer en preek. Soos G. van Veldhuizen sê in die voorwoord tot sy **Schetsboek bij den Catechismus:**

> „De Catechismus schudt luie domine's met een minimale gesloten theologietje wakker en laat hen bemerken, dat ze voorlopig nog niet klaar zijn"[11]).

In kort Paulus gee in Efesiërs 4:12 die doel ook vir die Kategismusprediking kragtig weer: „om die heiliges toe te rus vir hul dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis, van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus".

---

11) G. van Veldhuizen: **Schetsboek bij den Catechismus**; Wever, Franeker; p. 10.

d. **Die aktualiteit van die Kategismusprediking.**

Ons kan hier luister na die taal van Dyk [12]): Die Kategismusprediking is Woorddiens, ja maar deur die diens klink die stem van die apostolicum en ruis die klank van die belydenis, wat in die worsteling van die Reformasie soos met bloed geskryf is. Hierdie klank moet egter aktueel getransponeer word.

Dit geld van elke prediking oor elke teks mits mens van wat aktueel is 'n goeie voorstelling maak. Aktueel beteken nie sensasioneel nie; dit is nie die gebruik van allerlei plat terme of anakronismes nie, maar dit beteken dat die preke staan in die werklikheid van die hede en in die bewoëndheid van vandag met die lewende Woord van God.

Kategismusprediking hoef nie droog en saai te wees, en mag ook nie. Dit moet ingryp in die samelewing van vandag en in die teenswoordige verhoudinge. Die prediker moet die waarhede nuut en fris aanbied en van belang hier en nou. Dit kan, as die Kategismusprediking altyd Woordbediening is. Want die Woord van God is lewend en spreek kragtig tot die Kerk van alle eeue in al die stryd neerlae en oorwinnings waarin dit kom. Die bedienaar van die Woord hoef dus eintlik nie die Woord aktueel te maak nie. Die eis is slegs: om die Woord aktueel te laat. God spreek deur Sy Woord tot die mens in elke lewensituasie en deur middel van die Kategismusprediking moet die prediker ook t.o.v. enige punt van die belydenis midde in die konkrete werklikheid van die hede poneer: So sê die Here, Here! Die Kategismus kan vanweë sy besonder persoonlike karakter die appèl op hart en gewete nog sterker laat geld.

e. **Die metode van Kategismusprediking.**

Dit is eintlik makliker om te sê hoe die Kategismusprediking nie moet geskied nie as om te sê hoe dit wel moet wees.

Reeds het ons daarop gewys dat die Kategismusprediking nie moet ontaard in 'n les oor dogmatiek nie. Die gevaar van dogmatisme is werklik geen denkbeeldige gevaar nie. Dit hang saam met die verkeerde metode om die Sondagsafdeling van die Kategismus woordeliks tot teks te neem en van begin tot end te verklaar. Dit keur Hoekstra ook baie sterk af in sy Homiletiek [13]).

Ons mag dus by die Kategismusprediking nie maar analities te werk gaan en daarmee volstaan nie. Daar moet beslis ook van die sintetiese metode gebruik gemaak word. Ons gee eintlik ook hier voorkeur aan die analitiessintetiese metode.

Baie van die boeke wat ons in die reël raadpleeg by die maak van ons Kategismuspreek maak hoofsaaklik van die analitiese metode gebruik. Gaan blaai maar weer die boeke deur en u sal dit bemerk. Die vraag sowel as die antwoord word analities onder die ontleedmes geplaas en noukeurig geëksegetiseer en die sentrale gedagte word baie maal uit die oog verloor. Aan hierdie metode ontkom selfs nie so 'n uitstaande prediker soos ds. H.

12) K. Dyk: a.w., p. 412.

13) Hoekstra: a.w., p. 372.

Veldkamp nie. Ons vind dit ook by J. Bavinck, by J. J. Knap, tot 'n mate en veral by H. Hoekstra.

Waarvoor ons in elk geval moet oppas is om nie die Kategismus te behandel los van die Skrif nie. Dit is trouens ook die wortel van die kwaad by bogenoemde metode. Die Skrif word nie geneem as uitgangspunt en die Skrif word in elk geval nie verklaar om daardeur die Kategismuswaarheid te belig nie.

Lê nou maar langs mekaar die verklaringe van die Kategismus wat ons hier opgenoem het en die verklaring van Ursinus of Smytegelt of Kuyper of Wielenga. U sien dan hoedat laasgenoemde verklaringe vol is, oorvol is van aanhalings uit die Heilige Skrif en verwysings na die Skrif en veral verklaring van die Skrif. Ons moet vashou aan die paslike woord van Hoornbeek: „Non ex catechismo, sed ex scriptura".

So sterk moet die gedagte van Skrifprediking by die Kategismusprediking op die voorgrond staan dat ons nie moet skroom om indien dit enigsins moontlik is 'n bepaalde teks of Skrifgedeelte te neem, dit te eksgetiseer en toe te pas en daarmee die sentrale gedagte of meer gedagtes uit die Sondagsafdeling te beklemtoon nie. Juis omdat die Christelike leer van die Heidelbergse Kategismus uit die Heilige Skrif opgebou is en gedurig na die Skrif teruggryp, sal die kennis van die leer byna onnoembare perspektiewe open wanneer die Bybelteks verklaar word en vanuit die teks die land van die betrokke waarheid oorsien word [14]).

14) Vgl. Haitjema: a.w., p. 295.

Ons hoef tog werklik nie juis 'n hele Sondagsafdeling van die Kategismus in een preek te behandel nie. Trouens ek het al een keer die Kategismus deurgepreek deur net een vraag en antwoord op 'n keer te neem. Dit is dan natuurlik in die reël heel maklik om 'n teks te vind wat die betrokke vraag en antwoord dek. Ek het dan ook gevind dat my Kategismusprediking die beste aan bogenoemde vereistes beantwoord as ek so te werk gaan. Ek neem 'n paslike teks uit die Skrif, eksegetiseer dit en pas dit toe met voortdurende verwysing na die vraag en antwoord van die Kategismus. . Ek probeer in elk geval 'n sentrale gedagte vashou wat én in die teks én in die Kategismus te vinde is. Dan het die mens die bevrediging dat jy besig was met bediening van die Woord en nie met verklaring of uiteensetting van 'n leerstelling nie.

Gaan ek die Kategismus Sondagsgewyse deur dan is dit nie altyd moontlik om met die eksegese van een Skrifgedeelte te volstaan nie maar dan word heel gepas twee of drie tekste in behandeling geneem. As daar sekere punte in 'n Sondagsafdeling uitval en nie in behandeling kom nie dan maak dit immers nie saak nie. Daar kom nog 'n geleentheid en dan kan dit weer beklemtoon word.

Luister wat sê Hoekstra in dié verband:

> „In de Catechismus mag het Schriftbewijs nimmer ontbreken. Pericopen, die als loca probantia dienen, worden verklaard, wel niet zoo breed als in de morgengodsdienst-

oefening, maar toch zóó, dat de gedachten der H. Schrift tot het bewustzijn van de gemeente doordringen"[15]).

Verder wys Hoekstra ook daarop dat naas die verklaring in die Kategismuspreek die toepassing kom, nie die toepassing van wat die Kategismus as sodanig sê nie, maar die toepassing van die Woord van God wat die Kategismus opgediep het.

Hierdie metode van teksprediking het ek self baie profytlik gevind. Daarmee is dit nie alleen moontlik om werklik Skrifprediking van die Kategismuspreek te maak nie maar om ook ten volle teologies en Christosentries te preek. Bowendien word dan deur die lewende en kragtige Woord aan die Kategismusprediking 'n aktualiteit verleen wat ten minste gelykstaande is aan die prediking oor vrye stof.

Hierdie metode het ek nie maar self ontwerp nie maar wie die geskiedenis van die Kategismusprediking ken, weet dat dit so oud is soos die Kategismusprediking self. Bowendien is dit by ons as studente baie sterk aanbeveel deur ons geliefde en ervare sowel as hooggeleerde professor, wyle dr. J. D. du Toit. Dat hy dit aanbeveel het, het ons oortuig dat dit ten minste die moeite werd is om dit op die proef te stel. En die proef het reël geword.

S. C. W. DUVENAGE.

---

15) Hoekstra: a.w. p. 372.